

# Ons is op 'n Missie?

**“Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”**

## Matteus 28:19-20

**Matteus 4:18-20; 9:9; 11:28-29; 25:14-30; 28:19-20; Johannes 2:1-10 en 2 Konings 4:1-7**

1. \_\_\_\_\_ Jesus volg.
2. \_\_\_\_\_ 'n verskil maak.
3. \_\_\_\_\_ die onmoontlike doen!

*Preek Notas:*

---

---

---

---

## KLEINGROEP:

*Volg gerus hierdie uitleg vir 'n Kleingroep bespreking deur die week om dit wat julle op Sondag gehoor het verder te vat:*

1. Deel met mekaar iets waaroor julle dankbaar is die afgelope week en dank die Here daarvoor saam as 'n groep.
2. Lees 2 Konings 4:1-7
  - a. Wat is daar in jou lewe wat jy kan bring vir God om bonatuurlik te gebruik?
  - b. Wat keer jou om dit te doen?
3. Lees Matteus 25:14-30
  - a. Wat staan vir jou uit van hierdie gedeelte?
  - b. Mense is besorg oor die hoeveelheid wat ons ontvang en God is besorg oor wat ons doen met wat ons ontvang het – bespreek hierdie stelling?
  - c. Gebruik jy wat jy ontvang het ten volle?
4. Lees Johannes 2:1-10
  - a. Hoekom is vers 5 goeie raad?
  - b. Wat vra Jesus op die oomblik vir jou om te doen wat selfs belaglik kan voorkom?
  - c. Die water het in wyn verander tussen hulle skeep en die seremoniemeester. Hoekom is ons gehoorsaamheid tot op die einde belangrik? Watter foute het jy al met hierdie gemaak?
5. Laat elkeen EEN ding noem wat vir hulle uitgestaan het van julle gesprek.
6. Laat elkeen EEN ding noem wat hulle gaan DOEN in die komende week met dit wat julle geleer het.
7. Is daar enige behoeftes is in die groep? Hoe kan julle mekaar ondersteun in dit? Hoe kan julle vir mekaar bid.

**Ek vertrou God vir:** \_\_\_\_\_

Naam: \_\_\_\_\_

Email: \_\_\_\_\_

Selnommer: \_\_\_\_\_



051- 451 1017



kerk@kerk.co.za



www.kerk.co.za



Bloemfontein  
Baptiste Kerk

Welkom by die aanddiens! Ons glo jy gaan dit saam met ons geniet en dat Jesus iets nuuts van Homself aan jou gaan kom wys!

Indien jy nuut is, en graag op ons databasis wil kom om emails en smse van die kerk te kry met inligting, vul asseblief die Wit Bladjies tussen die stoele in en gooi dit in die hout posbusse by die deure soos jy uitstap na die diens.

Jy is welkom om na die diens nog inligting te kry in die Klein Kerkie buite by die koffie en Tee - Kyk uit vir **iConnect!** Hulle sal jou kan help om in te skakel in die kerk en al jou vrae beantwoord!

## BELANGRIKE INLIGTING

### MANNE AAND

*Maandag 8 Mei om 18h00 in die Timoteus saal. Koffie en beskuit alreeds van 17h45. Kom hoor die getuïenisse oor It's Time en kom deel jou eie ervaring.*

### TiC

*T.i.C. is die tienerbediening van die kerk vir alle hoërskool tieners. Ons nooi jou graag na ons byeenkomste Vrydae aande 17:30-19:30 by die kerk asook ons Bybelskool op Sondagoggende tydens die dienste in die Timoteus saal. Vir meer info: Willie de Beer 0823095342 of willie@kerk.co.za*

### SAAMBID

*Ons bid Sondag aande saam voor die diens om 18h00 in die gebedskamer links voor in die kerk. Kom tree saam in vir wat God wil doen in die diens en in hierdie reeks.*

### VOORBIDDING

*Kom bid saam met ons elke Donderdag om 18h30 in die Jabes-huis skuins agter die kerk.*

### KLEINGROEPE

*Vir meer info besoek iConnect na die diens in die Klein Kerkie*